## TEKS 1

**Taalversorging is sexy**
Lonkie Mackenzie

1 Volgens die Britse skrywer en opvoedkundige, Philip Pullman, is taalversorging 'n manifestasie van die liefde. *If you love something*, sê hy, *you want to look after it*.

2 Dalk is dít waarom ek so afgeskeep voel by die lees van Afrikaanse koerantberigte vol foutiewe of afwesige lees- en skryftekens, ontbrekende verbindings-s'e, bisarre woord-afkappings en brabbelsinne vol ongeskrapte woordrommel.

3 Ook advertensies loop kwaai deur.

4 Kort gelede adverteer Gremlin Kollege 'n diploma-kursus in kleinhandelreis. In die kopie direk uit Engels vertaal, word die voornemende student "verseker dat jy die perfekte kwalifikasie vir 'n intreevlakspecialis [*sic*] of junior bestuurpos [*sic*] in die reisbedruif [*sic*] sal hê."

5 Stof tot dankbaarheid is die verdere stipulasie, in fynskrif, dat die kursus slegs in Engels aangebied word.

6 Die week daarna spoor *Jip* hulle lesers aan om daardie groot *crush* op die man of *girl* van hulle drome in 'n SMS-boodskap oor te dra. Vir publikasie ter viering van Valentynsdag. Moontlike bewoording word verskaf: "Love Jannie! I wnt 2 tel u k like jou… baja… Sannie." Sannie se taalgestremde boodskap kan glo die begin van *something special* wees.

7 Noem my 'n taalslet, maar selfs as tiener kon ek nie verlief raak op iemand wat nie die sensualiteit van 'n goedversorgde sin kon aanvoel nie.

8 Tóé al het ek gewonder: Is aandagtige taalversorgers nie dalk bedagsamer vryers nie? Tot watter emosionele en lyflike hoogtepunte sou 'n taalghwar in staat wees – horende doof vir die musikaliteit in foutlose spelling, onbewus van die ligte eb en vloed van welge-vormde bysinne, onvatbaar vir die trillende afwagting in welgeplaaste kommas, die rysige gestalte van hoofletters en, o, die asemrowende klimaks van 'n volpunt, net, nét betyds?

9 Nie dat jy noodwendig moet breyten om 'n taalflerrie se belangstelling te prikkel nie. Ons reageer ook positief op clichéagtige boodskappies, mits die grammatika vloeiend verloop.

10 Kom ek verskaf 'n praktiese voorbeeld.

11 Vanoggend steier ek en my dogter onder inkopiesakke na ons motor bakkend in die son voor Avalon-kafee. Onder die ruitveër ingeskuif, aan passasierskant, wapper 'n briefie in die bergwind: "Morning! I just want to tell you that I think you are Drop Dead Gorgeous. Enjoy your day. M."

12 Blosend lag my kind en rits die briefie in haar beursie toe. Heelpad huis toe tuur sy deur die venster, tot stilte gebring deur drie kort sinnetjies agterop 'n kasregisterstrokie.

13 Want sien, M is 'n flankeerder van formaat. Let op sy spontane, onvoorwaardelike bewondering in alliterende hoofletters. Nie vir M 'n klewerige ellips of die klinkerlose gekletter van njoy-yr-day nie. Hoflik. Bedrewe leestekenaar. Ongetwyfeld 'n minnaar duisend in wording.

14 Toe ons voor die huis stilhou, kyk sy my stip in die oë.

15 "Ma," sê sy sag, "hy't *gorgeous* reg gespel."

16 Só werk dit.

[Aangepas uit: "Lonkie onbeperk: Taalversorging is sexy" 2007-03-20 (aanlyn) <www.litnet.co.za> (Besigtig 17 Maart 2015)]

IEB Copyright © 2015 

## TEKS 2

**Rugby steeds die totempaal waarom die stam dans**
Herman Lategan

**rugby s.nw. Spel tussen twee spanne met 15 spelers elk wat met 'n ovaalvormige bal gespeel word. Uit Eng. rugby (1823). Rugby het ontstaan na aanleiding van die naam van die skool, nl. Rugby, waar 'n speler, Webb Ellis, 'n voetbal opgetel het en daarmee begin hardloop het. – *Etimologiewoordeboek van Afrikaans* (G.J. van Wyk et al.)**

1 Soms is daar iets skrikwekkends aan rugby, veral vir buitestanders, mense wat nie inpas by die streng behoudende groepdinamika van die sport nie. Dit is 'n subjektiewe vrees of afkeer, nie altyd een wat objektief weggeredeneer kan word nie.

2 Met die sport, op sigself, is daar niks mee verkeerd nie, dis duidelik 'n adellike spel.

3 Nee, 'n mens praat hier van die randeier wat vir die een of ander geldige rede (ja, moeilik om dít te glo) nie deel is van die byekorf, of kudde, se verafgoding van die sport nie.

4 Rugby is deur die jare heen gekaap deur bombastiese mans met 'n verwaande sin van bevoorregting, maar nog afstootliker, met die houding van: As jy nie reeds op skool rugby speel nie, is daar mos iets verkeerd met jou, boetie.

5 <u>Vroeër jare is diegene as moffies uitgeskel.</u> Die jong seun word reeds van vroeg af op skool deur die retoriek van die patriargie en boelies ongemaklik laat voel oor sy oënskynlike verwronge identiteit en sommer ook oor (die groep se idee van) sy gebrek aan manlikheid.

6 Van die kenmerkende eienskappe van groepsdruk is dat mense wat nie wil saamspeel nie, gestereotipeer en verneder word. Volgens sielkundiges sal so 'n kind gou op die brandstapel geplaas word. Hier word hy van vroeg reeds gebrandmerk, gekoggel en na die kantlyn gestoot, waar hy moet verdwyn tussen die gehipnotiseerde en pluimstrykende skares.

7 Ja, dit sou lekker wees om te dink dat hierdie soort "kultuur" uitgesterf het. Ongelukkig nie. Wat 'n verskriklike jammerte! Ons sal weer móét herbesin.

[Aangepas uit "Woorde wat wip: Rugby steeds die totempaal waarom die stam dans"
*Rapport*, Sondag, 19 Augustus 2012]

IEB Copyright © 2015

## TEKS 3

**11-jarige met groot leeslus**

*Sy het nie 'n selfoon nie. Ook nie 'n Wii, Xbox of Playstation nie. Dit maak nie saak nie; sy het rakke vol boeke, sê* ***Nina Swart*** *(11), 'n gr. 6-leerling aan die Laerskool Warmbad. Hier is van haar gunstelingboeke.*

**1 *Fiela se kind* – Dalene Matthee**

Ek smeek my ma al lankal om my toe te laat om hierdie boek te lees. Nou hét ek hom gelees en weet hoekom sy nee gesê het: Dit was oor die vloekwoorde. Hierdie was een van my lekkerste boeke tot nog toe. Dit gaan oor 'n wit seuntjie met die naam Benjamin, wat in die apartheidsera by 'n bruin gesin beland. Fiela en haar gesin is al wat hy ken, maar dan kom twee mans en krap Benjamin se lewe om. Sy "nuwe pa" foeter hom totdat hy sê sy naam is Lukas van Rooyen. Hierdie boek is fantasties – met regte gevoelens in en ja, daar is 'n bietjie vloekwoorde, maar dis vloekwoorde wat ek in elk geval geken het.

**2 *Oskar en die pienk tannie* – Éric-Emmanuel Schmitt**

Oskar is 'n tienjarige seuntjie met kanker. Hy is in die hospitaal en voel niemand behalwe ouma Rosa hou van hom nie. Ouma Rosa laat vir Oskar (en vir my) lag deur te vertel hoe sy in haar vorige lewe 'n baie goeie stoeier was. Dis 'n wonderlike boek vol emosie en liefde.

**3 *Joran Noordewind* – Lilli Thal**

Joran is 'n blou vlinder wat deur 'n klomp mislike perdebye ontvoer word. Die boek leer 'n mens van vriendskap en hoe om jou verstand te gebruik as jy in die moeilikheid is. Ná hierdie boek het ek begin om met ander oë na insekte te kyk. Ek dink nou blou vlinders is die mooiste iets wat daar is.

**4 *Willem Poprok* – Derick van der Walt**

Dit vertel die storie van Willem en sy gesin en hoe erg dit vir hom is om in die hoërskool te wees. Hy moet rugby speel omdat sy pa so sê. Sy boetie, Franna, is 'n regte vloekende pes. Hierdie is 'n heerlike boek vol spanning en avontuur.

[Aangepas uit *Rapport Boeke*, 5 Mei 2013]

IEB Copyright © 2015 

## TEKS 4

**Ballade van die Grysland**

*Die vroegre boere-paradijs*
*is nou een molshoop, groot en grijs*

*Totius (Trekkersweë)*

**I**

Uit tonnels van die nag tuur
ek oor rook en mis as ysterspore
my in kringe van die stad instuur

Teen dakke en skoorstene blink
die son, soos in 'n leeggeloopte dam
op bottelskerwe en geroeste sink.

Eers in slote langs die straat,
met blou koffiekan en pik
het ek verbygangers beny, gehaat.

Toe het ons tot 'n staaldriehoek
die leë olievate opgestapel –
bye aan 'n nat bruin heuningkoek.

En haar hande, soos oor 'n klavier,
gryp en vou en gryp en vou
stukke sjokola in blinkpapier.

Draaisae gil in my ore
klink die geklets van beitels,
die geneul van swart motore.

Uiteindelik valse syfers neergekrap
kon ek uit vet van viskafees
na 'n paradys ontsnap.

*

**III**

Die hospitaal is wit-gevlak en koel
as die glaspypie water uit my tap…
tot ek die vrees weer voel.

Smiddags groei 'n oog uit elke kwas
en in die nanag gryp 'n vlermuis
my dae soos 'n tros lukwarte vas.

'n Knop het in my keel gekom
die oggend toe die peerboom
in die steenkoolerf wit blom.

O as die rekenmeester kom!
wat sal ek van sy wêreld
nog kan wys aan hom?

IEB Copyright © 2015

Deur tralies wat die tuin omsluit
kyk ek en my verwarde broers
verlangend na die stad nog uit:

hoe deur die reën en laaste lig,
krukkig soos nat voëls
loop elke jas met sy gesig.

Blinkpapier, mallemeul en wiel,
'n laphaas en ses honde
óm en óm…die dun spil van die siel.

[Opperman, D.J. 1947, *Negester oor Ninevé*, Tafelberg Uitgewers, Kaapstad]

## TEKS 5

**Sunnyside se gardens**

Kom na my tuin, dis 'n spiknuwe tuin –
met twee yslike palms met wind in die kruin:
o wandel gerus, dis geen plank wat daar woer
die hyskraan is af, sy laaste taak is volvoer –
hy't die palms groot-groot in hul gate laat sak
en gehelp met hul ankers; net totdat hul vat,
sal drade om die nek en stutte aan die voet
ongelukkig moet bly, daarna sal die vloer
van sement hul kan hou. Die belangrike saak
is dat mense uit wans sal sien waarom noem
ons ons tuiste hier: Gardens. Of beter nog: Park.

Kom na my flêt, dis 'n skielike plek –
daar's 'n deur in die kosyn plus 'n ysterhek,
maar ek loer deur 'n gaatjie en die staal-konsertina:
Kom binne, kom binne, die son's nou net weg,
hy sal laatmiddag weer kom, miskien nie te sleg,
dis buitendien warm. Jy voer 'n fluistergesprek,
volkome onnodig, die plafon's dikker as ons dink,
ons kan maar baklei, ons kan selfs rinkink:
Kom staan hier by my, by dié ruit: jy kyk vas
teen 'n muur van terra-cotta. Maar kyk effe links,
kyk verby die muur – wat sien jy nou? Is dit nie gras?

[Bekker, Pirow. 1987, *Eskarp*, Tafelberg, Kaapstad]

IEB Copyright © 2015

## TEKS 6

**Eko ego**

ek is eko jou ego
wat jou uit besoedeling gelei het

jy mag geen papiere in die straat gooi nie
en geen rommel strooi
in die lug
of op die land
of in die waters van die see nie

want ek is jaloers op my omgewing
wat 'n boete sal oplê aan dié
wat nie na my wil luister nie

jy mag nie ydellik bierblikkies rondstrooi nie
veral nie op sondae nie
want in ses dae arbei die munisipale werkers
om die parke en strande skoon te kry
en op sondae werk hulle nie

en luister na jou pa en ma
jy mag nie voëltjies doodskiet nie
jy mag nie op 'n ander man se grond vleisbraai nie
en jy moet jou eie vleis koop
en nie vir die landdros lieg nie

jy mag nie jou buurman se vuil agterplaas
begeer nie
ook nie sy vrou se ensiem-wasmiddels
of sy bediende se sinkpondok
of sy hond wat teen elke roosboom
piepie nie

[Swart, Hein. 1974, *Praathuis*, Human & Rousseau, Kaapstad]

IEB Copyright © 2015

## TEKS 7

**Rob**

Rooimelkhouttakke bo my verdonker
die voetpaadjies wat wegswaai van die duin
na waar branders teen die strandhelling stoot.

Skielik lê voor my 'n stuk opdrifsel,
deur die suidoostelike passaatwind
amper toegedraai onder 'n skof sand.

Ek grawe en kan 'n heupbeen uitmaak,
drie ribbebene wat al losgeraak het,
'n half vermolmde flenter klam pels.

Na die seekant toe lê die skedelkruin,
die yl tandjies waarmee hy masbankers,
pelsers en makriel gevreet het, nou los.

Van ouderdom het hy nie gevrek nie.
Vin- en pootbeentjies steek deur die gate
van 'n stuk sterk, swart Japannese net.


Gedenk die rob: hoe hy, blink in die son,
glad van glibberige rotse afseil
en met sier en swier in die stroming speel.

[Marais, Johann Lodewyk. 1992, *Verweerde aardbol*, Human & Rousseau, Johannesburg]

## WOORDVERKLARINGS:

passaatwind (r. 5) – Gereelde, konstante wind wat vanaf die subtrope na die trope waai.
vermolmde (r. 9) – Vergane, verrotte, slegte of vrot geword.
masbanker (r. 11), pelser (r. 12) en makriel (r. 12) – Verskillende vissoorte.

## TEKS 8




[Bron: *Volksblad*, Vrydag, 17 Oktober 2014]

IEB Copyright © 2015

**TEKS 9**




# Die gelukkigste vrou is die een wat 'n Defy Gasstoof besit

***Hierdie skoon, koel, kitskokende gasstowe maak die lewe gemakliker in die huis.***

As u eenmaal uitgevind het hoe gerieflik dit is om met gas te kook, sal u nooit 'n ander brandstof wil gebruik nie. Gas is so vinnig, so skoon… laat u kombuis heerlik koel.

Beskikbaar in drie doeltreffende ontwerpe: die strelend belynde **Super 20**, die groter **Super Twin Gas** en die **New World 41H** met 'n hoë rooster sodat u nie gebukkend hoef te werk nie.

**GRATIS LEESSTOF POS VANDAG** LBW
**DIE DURBAN FALKIRK IRON CO. (PTY) LTD**
**Posbus 4, Jacobs, Natal**
Stuur my asseblief volledige besonderhede oor en laat my weet waar ek kan gaan kyk na die Super 20 Gas/ Super Twin Gas/ New World 41H.
**NAAM:** ______________________
**ADRES:** ______________________

U Dienswillige

DEFY

[Bron: *Die Landbouweekblad*, 7 September 1965]

**TEKS 10**



## Eers is vroue bevry uit die kombuis.
## Nou doen ons dieselfde vir jou toestelle.

Defy se nuutste reeks toestelle omvat 'n uiters moderne ontwerpstrategie wat indring teen die tradisionele siening dat alles in hokkies opgedeel moet word. Toestelle is in die kalklig, en vereis 'n nuwe vlak van estetika. In samewerking met moeitelose, onfeilbare verrigting, word daar van toestelle verwag om verskeie take te verrig in 'n multi-funksionele omgewing. Die twee-jaar waarborg en landwye onderdele- en diensondersteuning, benadruk dat hierdie toestelle volgehoue lewenstyl-beleggings is. Jy mag dit selfs regverdig om dié toestelle te sien as baanbrekers van 'n skeidsmuur-verpletterende nuwe beweging.

Over 100 Years Dedicated Service

DEFY

Jy kan op Defy staatmaak. Vir eenvoud.

Vir afmetings en 'n volledige lys van funksies besoek **www.defy.co.za**

[Bron: <www.defy.co.za>]